higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE SUID-AFRIKAANSE GESONDHEIDSORGSTELSEL
NKR VLAK 3

(9020053)

10 Desember 2020 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

530Q1N2010

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 … is 'n versamelterm wat alle soorte organisasies beskryf.

A Burgerlike organisasie
B Nieregeringsorganisasie
C Organisasie sonder winsoogmerk
D Gemeenskapsgebaseerde organisasie

1.1.2 'n … werk slegs in 'n plaaslike gemeenskap.

A Burgerlike organisasie
B Gemeenskapsgebaseerde organisasie
C Organisasie sonder winsoogmerk
D Nieregeringsorganisasie

1.1.3 'n … funksioneer onafhanklik van die regering, kan verskeie groottes wees en kan informeel of formeel wees.

A Burgerlike organisasie
B Gemeenskapsgebaseerde organisasie
C Nieregeringsorganisasie
D Organisasie met winsoogmerk

1.1.4 'n … werk nie vir wins nie.

A Burgerlike organisasie
B Nieregeringsorganisasie
C Organisasie met winsoogmerk
D Organisasie sonder winsoogmerk

1.1.5 'n … benodig 'n trustakte vir registrasie.

A Vrywillige vereniging
B Artikel 21-maatskappy
C Trust
D King III-verslag

1.1.6 … benodig 'n akte van oprigting vir registrasie.

A Vrywillige verenigings
B Artikel 21-maatskappye
C Trusts
D King III-verslae

Kopiereg voorbehou

1.1.7 'n … kry belastingvrystelling vir die entiteit se inkomste en donasies.

A Openbarevoordeel-organisasie
B Burgerlike organisasie
C Nieregeringsorganisasie
D Organisasie sonder winsoogmerk

1.1.8 Die … het die regering uitgedaag oor die regte van mense wat me MIV en vigs leef.

A openbarevoordeel-organisasie
B SAMV (Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging)
C TAC
D JSE

1.1.9 Organisasies sonder winsoogmerk moet nege jaar ná die einde van die finansiële jaar jaarverslae en narratiewe verslae aan die Departement van ... voorlê om hul registrasie te behou.

A Maatskaplike Ontwikkeling
B Gesondheid
C Arbeid
D Onderwys

1.1.10 Organisasies sonder winsoogmerk is geregistreer ingevolge die …

A King III-verslag
B Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk
C Maatskappyewet
D Wet op Nasionale Gesondheid

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Tradisionele geneeskunde kan 'n belangrike rol speel in die lewering van primêre gesondheidsorgdienste in gemeenskappe, want dit fokus nie net op die siekte nie, maar volg 'n holistiese benadering tot gesondheidsorg.

1.2.1 Toon die holistiese benadering van tradisionele geneeskunde in Suid-Afrika aan die hand van 'n diagram. (5)

1.2.2 Verduidelik hoe tradisionele geneeskunde kan help met die lewering van primêre gesondheidsorgdienste in gemeenskappe. (5)

1.2.3 Teken die volgende tabel in jou ANTWOORDBOEK oor en vergelyk VYF verskille tussen die Suid-Afrikaanse privaat gesondheidsorgstelsel met winsoogmerk en die Suid-Afrikaanse openbare gesondheidsorgstelsel.

PRIVAAT GESONDHEIDSORG	**OPENBARE GESONDHEIDSORG**
1. 2. 3. 4. 5.	1. 2. 3. 4. 5.

(5 + 5) (10)

[30]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 Tradisionelegesondheidspraktisyns registreer deur die Raad vir Verwante Gesondheidsberoepe.

2.1.2 Die Wet op Verwante Gesondheidsberoepe reguleer alle soorte tradisionele geneeskunde in Suid-Afrika.

2.1.3 Die Wet op die Bekamping van Heksery het tradisionele geneeskunde in Suid-Afrika verbied.

2.1.4 Kliënte luister na 'n hoë of fluitende stem wat nie deur die fluitwaarsêer gemaak word nie.

2.1.5 Kliënte beaam hardop onwaar verklarings wanneer hulle 'n vroedvrou besoek.

2.1.6 Die groepering van dolosse vertel vir dolosgooiers die onbekende.

2.1.7 Tradisionele chirurge help vroue tydens swangerskap.

2.1.8 Akupunkturiste gebruik heilige water om mense te genees.

2.1.9 Kruiedokters gebruik kruie om mense te genees.

2.1.10 Chiropraktisyns voer besnydings tydens Afrika- kulturele inisiasierituele uit.

(10 × 1) (10)

2.2 Verskeie sektore in Suid-Afrika erken nie tradisionele geneeskunde nie.

2.2.1 Definieer *tradisionele geneeskunde* in die konteks van Suid-Afrikaanse gesondheidsorg. (5)

2.2.2 Onderskei tussen *tradisionele geneeskunde* en *Westerse geneeskunde*. (2 + 2) (4)

2.2.3 Verduidelik hoekom tradisionele geneeskunde in die verlede 'n slegte reputasie in Suid-Afrika gehad het. (6)

2.2.4 Word tradisionele geneeskunde deur mediese skemas in Suid-Afrika aanvaar? Staaf jou antwoord met toepaslike voorbeelde.

(2 + 3) (5)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Kies 'n wet uit KOLOM A om by 'n beskrywing in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Wet op Myngesondheid en -veiligheid, Wet 29 van 1996	A	privaat maatskappye word ingevolge hierdie wet gestig
3.1.2	Wet op Medisyne en Verwante Stowwe, Wet 101 van 1965	B	gee aan verpleërs magtiging om skedule 1–4-middels uit te gee
3.1.3	Maatskappyewet, Wet 71 van 2008	C	verseker 'n gesonde en veilige werkomgewing vir werkers in die mynsektor
3.1.4	Wet op Mediese Skemas, Wet 131 van 1998	D	maak voorsiening vir die stigting van bedingingsrade vir voordele vir werknemers
3.1.5	Wet op Nasionale Gesondheid, Wet 61 van 2003	E	sit die omvang van praktyk vir verpleërs uiteen
3.1.6	Wet op Beroepsiektes in Myne en Bedrywe, Wet 78 van 1973	F	maak voorsiening vir die mediese dekking en vergoeding van beroepsbeserings en -siektes wat in die werkplek ontstaan
3.1.7	Wet op Verpleging, Wet 26 van 2005	G	maak voorsiening vir die vergoeding van mynwerkers wat longsiektes opdoen
3.1.8	Wet op Gesondheidsberoepe, Wet 56 van 1974	H	hoofwet wat die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel reguleer
3.1.9	Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, Wet 130 van 1993	I	reguleer mediese skemas
3.1.10	Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet 66 van 1995	J	reguleer Westerse geneeskunde
		K	reguleer tradisionele geneeskunde

(10 × 1) (10)

3.2 'n Werknemer by Mines United is beseer toe een van die steiers ineengestort het. Daar is geen mediese dienste op die werkperseel nie.

3.2.1 Definieer *werkplekgebaseerde gesondheidsorg* in die konteks van Suid-Afrikaanse gesondheidsorg. (4)

3.2.2 Noem die TWEE vernaamste sektore waarin die werkplek in die konteks van werkplekgebaseerde gesondheidsorg verdeel word. (2)

3.2.3 Noem die VIER gesondheidsinisiatiewe by die werkplek wat werknemers met hul gesondheid help. (4)

3.2.4 Watter wet sal van toepassing wees as 'n werknemer op 'n werkperseel beseer word, soos in die scenario genoem? Motiveer jou antwoord. (2)

3.2.5 Bespreek die voordele van werkplekgebaseerde gesondheidsorg vir sowel die werkgewer as die werknemer. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 4

4.1 Voltooi die volgende sinne deur 'n item uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

47; 1970; 1989; 1994; JSE; SAMV; maatskappye; hospitale; King; mediese toeriste; hospisentries

4.1.1 Openbare maatskappye met winsoogmerk verhandel aandele op die …

4.1.2 Privaat maatskappye met winsoogmerk word ingevolge die ...wet gestig.

4.1.3 Daar is sedert … 'n stipulasie van minimum voordele vir mediese skemas in Suid-Afrika.

4.1.4 Pasiënte wat na ander lande vir gesondheidsorgdienste reis, word ... genoem.

4.1.5 Die grootste deel van die nasionale mediese arbeidsmag behoort aan die ...

4.1.6 Maatreëls om gehalte in hospitale te beheer, word in artikel … van die Wet op Nasionale Gesondheid gestipuleer.

4.1.7 … verwys na gesondheidsorgdienste wat in 'n hospitaalomgewing plaasvind.

4.1.8 Nosokomiale infeksies ontstaan in…

4.1.9 Werkplekgebaseerde gesondheidsorg bestaan sedert ... in Suid-Afrika.

4.1.10 Party maatskappye met winsoogmerk ondersteun liefdadigheidsinisiatiewe ingevolge die … III-verslag.

(10 × 1) (10)

4.2 Charlie het nog altyd van privaat mediese sorg in Suid-Afrika gebruik gemaak, maar het in Brasilië intensiewe behandeling vir sy chroniese gesondheidstoestand ontvang. Met sy terugkoms was hy baie opgewonde oor die benadering tot gesondheidsorg wat hy ervaar het.

4.2.1 Gee 'n term vir iemand soos Charlie wat vir gesondheidsorgdienste na 'n ander land reis. (1)

4.2.2 Definieer die term *Suid-Afrikaanse gesondheidsorg met winsoogmerk*. (4)

4.2.3 Noem TWEE maniere waarop die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel met winsoogmerk gefinansier word. (2)

4.2.4 Wie is die DRIE grootste rolspelers in die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel met winsoogmerk? (3)

4.2.5 Hoe reguleer artikel 47 van die Wet op Nasionale Gesondheid, Wet 61 van 2003, die gehalte van hospitale? (3 × 2) (6)

4.2.6 Hoekom is die herontwikkelingsmodel vir primêre gesondheidsorg 'n doeltreffende gesondheidsorgmodel in Suid-Afrikaanse gemeenskappe? (4)

[30]

VRAAG 5

5.1 Definieer die term *aanvullende geneeskunde*. (4)

5.2 Noem DRIE etiese beginsels wat die praktyk van aanvullende geneeskunde onderstut. (3)

5.3 Noem VIER waardes wat aanvullendegesondheidspraktisyns rig. (4)

5.4 Noem VIER maniere waarop die risiko van aanvullende geneeskunde verminder kan word. (4)

5.5 Verduidelik hoe elk van die volgende soorte aanvullende geneeskunde met streshantering kan help:

5.5.1 Aromaterapie

5.5.2 Meditasie

5.5.3 Joga

5.5.4 Ruggraatmanipulering

5.5.5 Masseerterapie

(5 × 2) (10)

5.6 Is aanvullende geneeskunde 'n nuttige gesondheidsorgmetode in Suid-Afrika? Motiveer jou antwoord. (1 + 4) (5)

[30]

VRAAG 6

6.1 Identifiseer of die volgende gesondheidsorgpraktyke tradisionele of aanvullende geneeskunde is deur slegs 'Tradisioneel' of 'Aanvullend' langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

6.1.1 Gebruik naalde vir genesing

6.1.2 Gebruik kruie vir genesing

6.1.3 Gebruik heilige water vir genesing

6.1.4 Gebruik die soort-genees-soort-filosofie

6.1.5 Reinig die liggaam om van onsuiwerhede en chemikalieë ontslae te raak

6.1.6 Help vroue tydens kraam

6.1.7 Hou die gemoed kalm om liggaamlike funksionering te verbeter

6.1.8 Besnyding tydens Afrika- tradisionele inisiasies

6.1.9 Gebruik vlugtige olies ("essential oils")

6.1.10 Gebruik dolosse om siekte te verstaan

(10 × 1) (10)

6.2 Teken die volgende tabel in jou ANTWOORDBOEK oor en gee DRIE voorbeelde van elke hoofkategorie van aanvullende geneeskunde.

KATEGORIE VAN AANVULLENDE GENEESKUNDE	VOORBEELDE VAN AANVULLENDE GENEESKUNDE
Natuurlike produkte	1. 2. 3. 4.
Liggaam–gees-medikasie	5. 6. 7.
Manipulerende liggaamgebaseerde praktyke	8. 9. 10.

(10 × 1) (10)

6.3 Verduidelik hoe die regering organisasies sonder winsoogmerk kan ondersteun. (5 × 2) (10)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou